UNIVERSITY OF THE **FREE STATE**
UNIVERSITEIT VAN DIE **VRYSTAAT**
YUNIVESITHI YA **FREISTATA**

UFS UV

FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE / FACULTY OF HEALTH SCIENCES

| **SKOOL VIR AANVULLENDE GESONDHEIDSBEROEPE:**<br>**Departement Fisioterapie en Departement Arbeidsterapie**<br><br>**KEURBELEID: 2015/16** | **SCHOOL FOR ALLIED HEALTH PROFESSIONS**<br>**Department of Physiotherapy and Department of Occupational Therapy**<br><br>**SELECTION POLICY: 2015/16** |
|---|---|
| **1. BEPALINGS**<br><br>**Die huidige keurbeleid kan soos volg opgesom word:**<br><br>(i) Enige kandidaat kan om toelating tot die eerste jaar van die volgende kwalifikasies aansoek doen: BSc Fisioterapie en B Arbeidsterapie, (d.w.s. matrikulante, skoolverlaters, graduandi en diplomandi, asook diegene wat reeds vir ’n graad ingeskryf is).<br><br>(ii) ’n Holistiese benadering is belangrik in die keuringsproses, wat op ’n puntesisteem gebaseer is wat akademiese prestasie, Nasionale Normtoets (NNT), kulturele aktiwiteite en sport insluit.<br><br>(iii) ’n Besliste poging word aangewend om kandidate met ’n agtergeblewe akademiese agtergrond met die nodige potensiaal en ’n redelike vermoë om sukses in hul kursus te behaal te akkommodeer, en om te streef daarna om sensitief te wees tenoor geslagsverdeling tydens keuring.<br><br>(iv) Daar word hoofsaaklik Suid-Afrikaanse studente gekeur vir studies in die Gesondheidswetenskappe, as gevolg van die hoë koste verbonde aan die opleiding van studente. Studente wat by die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe ingeskryf is, is uitgesluit van die Departement van Gesondheid se beleidsooreenkoms. | **1. PREMISES**<br><br>**The present selection policy can be summarised as follows:**<br><br>(i) Any candidate may apply for admission to the first year of the following qualifications: BSc Physiotherapy and B Occupational Therapy, (i.e. matriculants, school leavers, graduates and diplomates, as well as persons already studying for a degree).<br><br>(ii) A holistic approach is important in the selection process, which is based on a points system that includes academic achievement, National Benchmark Test (NBT), cultural activities and sport.<br><br>(iii) A definite effort is made to accommodate applicants from a disadvantaged educational background who display the necessary potential and a reasonable ability to attain success in their course, and to strive to be sensitive towards gender distribution in selection.<br><br>(iv) Mainly South African students are selected for studies in Health Sciences due to the high costs involved in the training of students. Students enrolled in the School for Allied Health Professions are excluded from the Department of Health’s policy agreement. |

(v) Die volgende getalle dien as 'n riglyn vir keuring ten einde die finale studentegetalle soos aangedui te bereik:

| | GEKEUR | BEOOGDE IN DIE KLAS |
|---|---|---|
| Dieetkunde | 45 | 35 |
| Arbeidsterapie | 55 | 50 |
| Fisioterapie | 55 | 50 |
| Optometrie | 50 | 45 |

**2. ANDER VEREISTES**

(i) 'n Geneeskundige verslag wat deur 'n mediese praktisyn voltooi moet word, sowel as die voltooiing van 'n gesondheidsvraelys, word van studente vereis.

(ii) Immuniseringsvereistes

Die Fakulteit behou hom die reg voor om volgens eie diskresie van tyd tot tyd verdere immunisering teen siektetoestande te vereis, voordat die student tot enige akademiese jaar of semester gedurende sy/haar studies toegelaat kan word. Wat die kwalifikasies Fisioterapie, Arbeidsterapie, Dieetkunde en Optometrie aanbetref, sal immunisering teen Hepatitis B tydens opleiding plaasvind en is dit dus nie nodig dat die student vooraf immunisering ondergaan nie.

Die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe volg die riglyne vir immunisering soos vervat in die nuutste goedgekeurde amptelike beleidsdokument. Die volledige beleidsdokument is beskikbaar by Voorgraadse Studente-Administrasie, Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

(iii) MIV-status

Die Fakulteitsbestuur wil namens die Fakulteit Gesondheidswetenskappe elke student graag inlig dat, indien sy/haar MIV-status positief is, hy/sy voordat hy/sy die gekeurde plek inneem, daarvan bewus moet wees dat hy/sy blootgestel gaan word aan pasiënte met infektiewe siektes, wat 'n invloed op sy/haar fisiese toestand of status kan hê. In so 'n geval sal hy/sy dan die verantwoordelikheid moet aanvaar om voorsorgmaatreëls te tref sodat hy/sy nie siek word weens sy/haar positiewe status en blootstelling nie. Daar sal van alle

(v) The following numbers serve as guideline for selection in order to achieve the final student numbers as indicated:

| | SELECTED | ENVISIONED IN CLASS |
|---|---|---|
| Dietetics | 45 | 35 |
| Occupational Therapy | 55 | 50 |
| Physiotherapy | 55 | 50 |
| Optometry | 50 | 45 |

**2. OTHER REQUIREMENTS**

(i) A medical report to be completed by a medical practitioner, as well as the completion of a health questionnaire, are required from students.

(ii) Immunisation requirements

The Faculty reserves the right to require further immunisation against illnesses at own discretion, before the student may be allowed to any academic year or semester during the course of his/her studies. Regarding the qualifications Physiotherapy, Occupational Therapy, Dietetics and Optometry, immunisation against Hepatitis B will take place during training and it is thus not necessary for the student to be immunised beforehand.

The School for Allied Health Professions follows the guidelines for immunisation as contained in the latest approved official policy document. The complete policy document is available from Undergraduate Student Administration, Faculty of Health Sciences.

(iii) HIV status

On behalf of the Faculty of Health Sciences the Faculty Management wishes to inform each student that, should his/her HIV status be positive, he/she should be aware before he/she takes up his/her selected position, that he/she will be exposed to patients with infective diseases, which could have an influence on his/her physical condition or status. In such cases, he/she will then be responsible for taking precautionary measures so that he/she does not become ill due to his/her positive status and exposure. It will be expected of all

studente verwag word om aan alle rotasievereistes van die kwalifikasie te voldoen.

Die mediese verslae van studente wat gekeur is, sal na die onderskeie departemente toe deurgestuur word om te verseker dat die gesondheidstoestand van studente hulle nie weerhou van onderrig en beoefening van die beroep waarvoor hulle gekeur is nie.

(iv) Nasionale Normtoetse (NNT)

Daar sal van alle nuwe aansoeke in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe verwag word om bogenoemde toetse te skryf.

**Die NNT soos uiteengesit onder punt 5, sal 'n totaal van 40% van die keuringspunt uitmaak.**

(v) Arbeidsterapie

Dit is ’n voorvereiste vir keuring tot Arbeidsterapie dat voornemende studente bewys moet lewer van ’n besoek aan ’n geregistreerde arbeidsterapeut met die doel om hul te vergewis van die beroep.

(vi) Fisioterapie

Vrywillige besoeke by ’n geregistreerde professionele persoon in ’n relevante veld sal ’n aanbeveling wees by keuring.

**3. KEURINGSPROSES**

**Keuring van alle kandidate**
Is gebaseer op die volgende:

(a) Toelatingspunt (TP)*; (Minimum van 36)
(b) Akademiese punt (AP)*;
(c) Wetenskappunt (WP)*;
(d) NNT-toetse en indien nodig enige ander goedgekeurde vraelyste en toetse;
(e) Keuringspunt (KP)*; en
(f) Taal van onderrig (LP)*.

*Afkortings soos in die keuringsproses-dokumente

Bykomende goedgekeurde vraelyste en toetse kan gebruik word om aansoekers met die nodige potensiaal te identifiseer. Indien nodig kan ’n paneel uit die Fakulteit onderhoude met studente voer in ’n verdere poging om potensiaal en persoonlikheid te bepaal.

students to meet all rotation requirements of the qualification.

The medical reports of selected students will be sent to the various departments to ensure that the health condition of students does not withhold them from education and practising of the occupation for which they have been selected.

(iv) National Benchmark Tests (NBT)

It will be required of all new applicants in the Faculty of Health Sciences to write the above tests.

**The NBT as set out under point 5, will constitute a total of 40% of the selection mark.**

(v) Occupational Therapy

It is a prerequisite for selection to Occupational Therapy that prospective students must give proof of a visit with a registered occupational therapist with the purpose of gaining knowledge about the profession.

(vi) Physiotherapy

Voluntary visits with a registered professional in the relevant field will be a recommendation for selection.

**3. SELECTION PROCESS**

**Selection of all candidates**
Is based on the following:

(a) Admission mark (TP)*; (Minimum of 36)
(b) Academic mark (AP)*;
(c) Sciences mark (WP)*;
(d) NBT tests and if necessary any other approved questionnaires and tests;
(e) Selection mark (KP)*;and
(f) Language of instruction (LP)*.

*Abbreviations as used in the selection process documents

Additional approved questionnaires and tests can also be used to identify candidates with the necessary potential. If necessary, a panel from within the Faculty can conduct interviews with students in a further attempt to assess potential and personalities.

(a) **Toelatingspunt (TP)** word bereken op grond van die vier (4) verpligte vakke, d.w.s. taal van onderrig, Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Lewenswetenskappe, en die beste twee (2) verdere vakke uit die "aangewese lys" van skoolvakke geslaag. Die vak Lewensoriëntering met 'n prestasievlak van 5 of hoër verdien slegs een (1) TP-punt. 'n Minimum TP-punt van 36 word vereis.

| NSS; Prestasievlak | UV Toelatingspunt |
|---|---|
| 7 (90% - 100%) | 8 |
| 7 (80% - 89%) | 7 |
| 6 (70% - 79%) | 6 |
| 5 (60% - 69%) | 5 |
| 4 (50% - 59%) | 4 |
| 3 (40% - 49%) | 3 |
| 2 (30% - 39%) | 2 |

(b) **Akademiese punt (AP)** is die gemiddeld van die vier (4) verpligte vakke, d.w.s. taal van onderrig, Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Lewenswetenskappe, en die beste twee (2) verdere vakke uit die "aangewese lys" van skoolvakke geslaag. Die vak Lewensoriëntering word nie in berekening gebring nie.

(c) **Wetenskappunt (WP)** word bereken op die gemiddeld van die volgende:

**B Arbeidsterapie**
TP = 36

- Wiskunde = Prestasievlak 5 (60%)
  en minstens een van die volgende:
- Lewenswetenskappe = Prestasievlak 5 (60%)
- Fisiese Wetenskappe = Prestasievlak 5 (60%)

**BSc Fisioterapie**
TP = 36

- Wiskunde = Prestasievlak 5 (60%)
- Fisiese Wetenskappe = Prestasievlak 5 (60%)
- Lewenswetenskappe = Prestasievlak 5 (60%)

(d) **Keuringspunt (KP):** Die maksimum punte wat deur 'n student behaalbaar is, is 118 (akademiese prestasie en nie-akademiese aktiwiteite in Graad 11 en 12). Van hierdie punte is 100 vir akademiese prestasie, 'n maksimum van 8 vir nie-akademiese aktiwiteite, 'n maksimum van 8 vir streek van herkoms, en 2 punte vir kinders van Universiteitspersoneel of -alumni.

(a) **Admission Mark (TP)** is calculated according to the four (4) compulsory subjects, i.e. language of instruction, Mathematics, Physical Sciences and Life Sciences, and the best two (2) subjects of the "designated list" of school subjects passed. The subject Life Orientation with an achievement level of 5 or higher receives only one (1) TP point. A minimum TP of 36 is required.

| NSC; Achievement level | UFS Admission Point |
|---|---|
| 7 (90% - 100%) | 8 |
| 7 (80% - 89%) | 7 |
| 6 (70% - 79%) | 6 |
| 5 (60% - 69%) | 5 |
| 4 (50% - 59%) | 4 |
| 3 (40% - 49%) | 3 |
| 2 (30% - 39%) | 2 |

(b) **Academic mark (AP)** is the average of the four (4) compulsory subjects, i.e. language of instruction, Mathematics, Physical Sciences, and Life Sciences, and the best two (2) subjects of the "designated list" of school subjects passed. The subject Life Orientation is not used in the calculation.

(c) **Science Mark (WP)** is calculated on the average of the following:

**B Occupational Therapy**
AP = 36

- Mathematics = Achievement level 5 (60%)
  and at least one of the following:
- Life Sciences = Achievement level 5 (60%)
- Physical Sciences = Achievement level 5 (60%)

**BSc Physiotherapy**
AP = 36

- Mathematics = Achievement level 5 (60%)
- Physical Sciences = Achievement level 5 (60%)
- Life Sciences = Achievement level 5 (60%)

(d) **Selection mark (KP):** The maximum points to be attained by a student is 118 (academic achievement and non-academic activities in Grade 11 and 12). Of these points, 100 are allocated for academic achievement, a maximum of 8 for non-academic activities, a maximum of 8 for region of origin, and 2 points for children of University staff or alumni.

| | |
|---|---|
| Sover dit die bykomende 18 punte betref, geld die volgende: | As far as the additional 18 points are concerned, the following holds: |
| **(e) Nie-akademiese prestasies** | **(e) Non-academic achievements** |
| (i) ’n Punt word vir **nie-akademiese prestasies** toegeken met ’n maksimum toekenning van agt (8) punte (Graad 11 en 12). | (i) A point is allocated for **non-academic achievements**, to a maximum allocation of eight (8) points (in Grade 11 and 12). |
| Hierdie punt word op punte in die volgende kategorie gebaseer:<br>• **Kultuur** (1-4) (onderskei tussen deelname op skool-, provinsiale en nasionale vlak);<br>• **Ekstrakurrikulêre aktiwiteite** (1-4) (onderskei tussen deelname op skool-, provinsiale en nasionale vlak).<br>**PUNTE WORD AS VOLG TOEGEKEN:**<br>1 = Skole of plaaslike deelname<br>2 = Streek<br>3 = Provinsiaal<br>4 = Nasionaal<br>• **Gemeenskapsbetrokkenheid** | This point is based on achievements in the following categories:<br>• **Culture** (1-4) (differentiated between participation at school, provincial and national level);<br>• **Extracurricular activities** (1-4) (differentiated between participation at school, provincial and national level).<br>**POINTS ARE ALLOCATED AS FOLLOWS :**<br>1 = School or local participation<br>2 = Regional<br>3 = Provincial<br>4 = National<br>• **Community involvement** |
| (ii) ’n Addisionele puntetoekenning ten opsigte van **streke** soos volg (maksimum 8 punte):<br>• Vrystaat, Noord-Kaap: addisionele 6 punte<br>• Oos-Kaap: addisionele 3 punte<br>• Res: geen addisionele punte nie<br>• Aansoekers vanaf plattelandse skole kry 2 addisionele punte. | (ii) An additional point allocation in respect of **regions** is as follows (maximum allocation of 8 points):<br>• Free State, Northern Cape: additional 6 points<br>• Eastern Cape: additional 3 points<br>• Rest: no additional points<br>• Applicants from rural schools earn an additional 2 points. |
| (iii) ’n Addisionele puntetoekenning van 2 punte vir kinders van **Universiteitspersoneel of -alumni**. | (iii) An additional point allocation of 2 points for children of **University staff or alumni**. |
| **(f) NNT-toetse is verpligtend vir alle aansoekers soos uiteengesit onder punt 5.** | **(f) NBT tests are compulsory for all applicants as set out under point 5.** |
| **4. KEURING VAN LEERDERS WAT REEDS GRAAD 12 GESLAAG HET EN BESIG IS MET STUDIES AAN ‘N HOËR ONDERWYSINSTELLING, EN GEGRADUEERDES** | **4. SELECTION OF LEARNERS WHO HAVE ALREADY PASSED GRADE 12 AND ARE STUDYING AT A HIGHER EDUCATION INSTITUTION, AND GRADUATES** |
| Die Graad 12-uitslae van studente wat reeds Graad 12 geslaag het, sal bykomend tot hul naskoolse prestasies aan hoër onderwysinstellings in aanmerking geneem word. | The Grade 12 marks attained by students who have already passed Grade 12 will be taken into account in addition to their post-school achievements at higher education institutions |
| Beperkte plekke sal beskikbaar wees vir keuring | Limited positions will be available for selection in |

in hierdie kategorie.

**NNT toetse** is verpligtend vir alle aansoeke. Studente se potensiaal in wiskunde en wetenskap sal deur NNT getoets word.

**Om in aanmerking te kom vir keuring, moet alle voornemende studente voldoen aan die NNT-vereistes soos uiteengesit onder punt 5:**

**4.1 Universiteitstudente**

**(a) Graad nog nie behaal nie**

Vir die keuring van kandidate wat een jaar of meer van ’n kwalifikasie voltooi het wat nie binne die Gesondheidswetenskappe val nie, geld die volgende:

(i) ’n Kandidaat kwalifiseer vir keuring indien hy/sy ’n minimum gemiddelde punt van minstens 70% behaal het vir die voltooide jaar.
(ii) ’n Kandidaat moet oor die minimum krediete (’n volledige kurrikulum soos uiteengesit in die regulasies van daardie kwalifikasie) beskik wat vereis word om ’n jaar van enige kwalifikasie te slaag.
(iii) Voorkeur sal gegee word aan kandidate met ’n toepaslike studierigting.
(iv) Studente moet voldoen aan die NNT-vereistes soos onder punt 5 uiteengesit.

**(b) Reeds graad behaal**

Keuring van studente wat reeds graad behaal het, geskied op die volgende basis:

(i) Voorkeur word verleen aan studente met toepaslike modules en met ’n minimum gemiddeld van 70%.
(ii) ’n Kandidaat moet oor die minimum krediete (’n volledige kurrikulum soos uiteengesit in die regulasies van daardie kwalifikasie) beskik wat vereis word om ’n jaar van enige kwalifikasie te slaag.
(iii) Die kandidaat mag die kwalifikasie in nie langer as die toegelate minimum tyd plus een jaar voltooi het nie.
(v) Studente moet voldoen aan die NNT-vereistes soos onder punt 5 uiteengesit.

this category.

**NBT tests** are compulsory for all applications. Students’ potential in maths and sciences will be tested by the NBT.

**To be considered for selection, all prospective students must fulfil the NBT requirements as set out under point 5**

**4.1 University students**

**(a) Degree not yet obtained**

For the selection of candidates who have completed one or more years of a qualification that does not fall within the Health Sciences, the following apply:

(i) A candidate will qualify for selection if he/she obtains a minimum average of 70% for the completed year.
(ii) A candidate must have the minimum credits (a full curriculum as set out in the regulations of the qualification) required to pass a year of any qualification.
(iii) Preference will be given to students with an appropriate study field.
(iv) Students must fulfil the NBT requirements as set out under point 5.

**(b) Degree already obtained**

Selection of students who have already obtained a degree will take place as follows:

(i) Preference will be given to students with appropriate subjects with a minimum average of 70%.
(ii) A candidate must have the minimum credits (a full curriculum as set out in the regulations of the qualification) required to pass a year of any qualification.
(iii) The qualification must have been completed in no longer than the allowed minimum period plus one year.
(v) Students must fulfil the NBT requirements as set out under point 5.

**4.2 Universiteit van Tegnologie en ander hoër onderwysinstellings**

**(a) Nog nie graad behaal nie**

Keuring van studente van Universiteite van Tegnologie en ander hoër onderwysinstellings geskied as volg:

(i) 'n Minimum gemiddelde van 80% word vereis vir voltooide modules.
(ii) 'n Kandidaat moet oor die minimum krediete ('n volledige kurrikulum soos uiteengesit in die regulasies van daardie kwalifikasie) beskik wat vereis word om 'n jaar van enige kwalifikasie te slaag.
(iii) Voorkeur sal aan studente met 'n toepaslike studierigting verleen word.
(iv) Studente moet voldoen aan die NNT-vereistes soos onder punt 5 uiteengesit.

**(b) Reeds graad/diploma behaal**

(i) Kandidate moet 'n minimum gemiddeld van 70% hê vir 'n B.Tech.-graad en 'n minimum gemiddeld van 80% word vereis vir vir ander toepaslike diplomas.
(ii) Voorkeur sal aan studente met toepaslike 'n studierigting verleen word.
(iii) Studente moet voldoen aan die NNT-vereistes soos onder punt 5 uiteengesit.

**5. NASIONALE NORMTOETSE (NNT)**

Daar sal van alle nuwe aansoeke in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe verwag word om bogenoemde toetse te skryf.

**Die NNT sal in aanmerking geneem word tydens keuring en 'n totaal van 40% van die keuringspunt uitmaak.**

**NNT-toetse is verpligtend vir alle aansoekers.**

**Om in aanmerking te kom vir keuring, geld die volgende vir 'n voornemende student:**
(i) Ten opsigte van die **onderrigtaal van keuse** (Afrikaans of Engels) moet 'n gemiddelde punt van 60% op NNT behaal word. Indien die gemiddelde punt nie behaal word nie moet studente hul inskryf vir die verpligte taalmodule.
(ii) 'n Minimum van 50% vir elk van die afsonderlike komponente van die NNT moet behaal word. (In die Departement Arbeidsterapie word 'n slaagsyfer van 40%

**4.2 University of Technology and other higher education institutions**

**(a) Degree/diploma not yet obtained**

Selection of students from Universities of Technology and other higher education institutions will be done as follows:

(i) A minimum average of 80% is required for completed modules.
(ii) A candidate must have the minimum credits (a full curriculum as set out in the regulations of the qualification) required to pass a year of any qualification.
(iii) Preference will be given to students with an appropriate study field.
(iv) Students must fulfil the NBT requirements as set out under 5

**(b) Degree/diploma already obtained**

(i) A minimum average of 70% is required for candidates with a B.Tech. degree, and a minimum average of 80% is required for other applicable diplomas.
(ii) Preference will be given to students with an appropriate study field.
(iii) Students must fulfil the NBT requirements as set out under point 5.

**5. NATIONAL BENCHMARK TESTS (NBT)**

It will be required of all new applicants in the Faculty of Health Sciences to write the above tests.

**The NBT will be considered during selection and will constitute a total of 40% of the selection mark.**

**NBT tests are compulsory for all applicants.**

**To be considered for selection, the following apply for a prospective student:**
(i) A minimum average mark of 60% in respect of the language of instruction (Afrikaans or English) must be obtained. If the average mark is not obtained, students must enrol for the compulsory language module
(ii) A minimum of 50% must be achieved for each of the individual components of the NBT. (In the Department of Occupational Therapy a pass mark of 40% for the

| | |
|---|---|
| vir die Wiskunde-komponent vereis.)<br>(iii) ŉ Gesamentlike gemiddeld van 50% vir al drie komponente moet behaal word.<br>(iv) Die NBT toets is vir drie jaar geldig, maar studente word toegelaat om die toets twee keer in elke nuwe jaar voor of op die eerste Saterdag in Julie te skryf. Die tweede NNT-toets moet in geheel geskryf word en alle punte heringedien word tesame met ŉ motivering.<br>(v) Slegs die laaste stel NNT-resultate van elke jaar sal aanvaar word. | Mathematics component is required.)<br>(iii) A composite average of 50% for all three components must be achieved.<br>(iv) The NBT tests are valid for three years, but students are allowed to write only twice in each new year before or on the first Saturday of July. The second NBT test must be written in total and all marks be resubmitted together with a motivation.<br>(v) Only the latest set of NBT results of each year will be accepted. |